**Is daar 'n Abraham of Abimeleg in jou lewe? (OP154)**

**Gen 21:22-34**

**12 November 2023**

Laasweek het ons stilgestaan by die geboorte van Isak. Ons het daaroor besin dat alhoewel dit maar 'n klein treetjie vorentoe was in terme van die vervulling van die verbondsbeloftes van die Here aan Abraham, het dit gepaard gegaan met groot vreugde. Veral Sara het gelag van vreugde, en getuig dat almal wat daarvan hoor ook saam met haar sal lag. Abraham, op sy beurt, het toe Isak gespeen is 'n groot feesmaal gehou. Ons het opgelet hoe hierdie tree nader aan die volle vervulling van die beloftes van die Here gebeur het omdat die Here getrou was aan Sy belofte van 'n seun vir Abraham en Sara oor 'n jaar, en hoe Abraham en Sara gehoorsaam was aan die opdragte van die Here aan hulle. Maar hierdie vordering in die verbondsvervulling het ook gepaard gegaan met spanning tussen Sara/Isak en Hagar/Ismael, asook met spanning tussen Sara en Abraham. Hierdie spanning het ontstaan omdat Ismael spottend gelag het teenoor Isak. Die Here het saam met Sara gestem dat Hagar en Ismael daarom weggestuur moes word. Die redes hiervoor was dat genadetyd vir Ismael uitgeloop het, siende dat hy oor verskeie jare die genadewerk van die Here in die lewe van Abraham kon beleef en selfs self besny mog wees, maar hy desondanks steeds gedink het dit is 'n gekskeerdery. Verder wou die Here dit ook duidelik maak dat Ismael nie saam met Isak mag erf nie – die ryk inhoud van die beloftes van Abraham was nie meer vir Ismael beskikbaar nie. Ons het ook stilgestaan by Gal 4, waar Paulus verduidelik het dat daar 'n allegoriese betekenis is in hierdie gebeure. Hagar en Ismael in Gen 21 verteenwoordig die Jode wat nog aan die fisiese Jerusalem en die ou verbond vashou waar hulle nog slaafs die seremoniële wette moet nakom. Sara en Isak verteenwoordig egter de ware gelowiges wat deel is van die hemelse Jerusalem en deel het aan die nuwe verbond, omdat Jesus hulle vrygemaak het en hulle geestelik deur die Heilige Gees verwek is.

Vandag wil ek stilstaan by Gen 21:22-34. In hierdie gedeelte leer ons van verdere interaksie tussen Abraham en Abimeleg, en die ooreenkoms wat hulle met mekaar gesluit het. Ek wil dit bespreek onder die volgende hoofpunte: (1) Die historiese gebeure in Gen 21:22-34, (2) 'n Geheelbeeld van Gen 20-21, en (3) Enkele toepassings vir ons.

<u>Die historiese gebeure in Gen 21:22-34</u>

Lees Gen 21:22. Hierdie gebeure speel af "in daardie tyd" – m.a.w. hierdie gebeure speel af in die tyd van die voorafgaande gebeure, dit is die vorige interaksie tussen Abimeleg en Abraham, asook in die tyd wat Isak gebore is. Ons lees Abimeleg het vir Abraham besoek. Onthou wie Abimeleg was: hy was die koning van Gerar (Gen 20:2), dit beteken hy was die koning van die Filistyne (Gen 21:34, 26:1). Dit is die Abimeleg wat in Gen 20 Sara as vrou geneem het – nadat hy seker gemaak het dat sy nie getroud was nie. Dit is ook hy wat haar teruggegee het aan Abraham, nadat hy deur die Here gekonfronteer is. Nie net het hy haar teruggegee nie – hy het boonop geskenke aan Abraham gegee en 'n reuse bedrag geld om te kenne te gee hy was oortuig Sara was onskuldig. Dit was vir Abimeleg dat Abraham moes bid, en die Here het Abraham se gebed verhoor. Dit was ook Abimeleg wat toe aan Abraham aangebied het dat Abraham in sy grondgebied mog bly woon. Dit is hierdie Abimeleg wat nou na Abraham toe kom. En hy kom nie alleen nie – hy bring vir Pigol saam. Pigol was die bevelvoerder van sy leër.

Onthou ook wie Abraham was: hy was 'n vreemdeling wat na die beloofde land getrek het, en wat op hierdie stadium as 'n vreemdeling in die gebied van die Filistyne gewoon het. Hy was 'n veeboer. Sien jy die prentjie? Abimeleg, die koning van die Filistyne, kom met Pigol, die bevelvoerder van sy leër, na Abraham toe – wat bloot 'n veeboer is wat met toestemming in die gebied van die Filistyne

woon. Wat is dit wat veroorsaak het dat die koning en die bevelvoerder van sy leër na die veeboer toe kom? Want Abimeleg het gesien God is met Abraham in alles wat hy doen. Onthou die Here het in Gen 12:2 beloof Hy sal vir Abraham seën en sy naam groot maak – wel, dit was so duidelik dat dit gebeur het dat selfs die koning van die Filistyne dit kon raaksien. Onthou die Here het in Gen 15:1 vir Abraham beloof Hy is sy skild – wel, selfs die koning van die Filistyne kon dit sien. In die vorige interaksie tussen Abraham en Abimeleg, het Abimeleg vir Abraham ontbied nadat die Here Abimeleg gekonfronteer het omdat hy Sara as vrou geneem het (Gen 20:9). Maar nou kom Abimeleg met sy leërbevelvoerder na Abraham toe. Eintlik moet ons sê: Abimeleg en sy leërbevelvoerder kom na Abraham en sy God toe.

Lees Gen 21:23. In hierdie vers word die rede vir Abimeleg se versoek duidelik: Abimeleg wil ‘n verdrag met Abraham sluit. Die inhoud van die verdrag wat Abimeleg in gedagte het, is soos volg: Dit moet ‘n verdrag van wedersydse vertroue wees. Abimeleg is oortuig hy het ter goedertrou opgetree teenoor Abraham – dink maar net hoe hy Abraham toegelaat het om in sy grondgebied te mag bly woon, hy kon selfs kies waar hy wou woon. Maar nou wil Abimeleg hê Abraham moet ook onderneem om ter goedertrou teenoor hom op te tree. Ek dink ons moet veronderstel dat dit so goed gegaan het met Abraham se boerdery, dat Abimeleg begin verstaan het hy wil oortuig wees van Abraham se goedgesindheid teenoor hom in die toekoms. Abraham moet onderneem dat hy nie vir Abimeleg sal bedrieg nie. Boonop wil Abimeleg hê dat hierdie verdrag ‘n voortdurende verdrag moet wees – dit moet ‘n verdrag wees tussen Abraham en homself, en met sy kinders, en met sy nageslag. Ek hoop jy sien raak hoe Abimeleg streef om ‘n soortgelyke verdrag met Abraham te sluit, as die verbond wat die Here met Abraham gesluit het. Ons het sopas met Isak se geboorte gesien hoe beide die Here en Abraham getrou was aan elkeen se verantwoordelikhede in daardie verbond. Ons het ook al gesien dat die Here gesê het dat Sy verbond met Abraham ‘n ewige verbond is (Gen 17:7). Abimeleg kom na Abraham toe om ook so ‘n ewige verdrag van wedersydse vertroue te sluit. Natuurlik is geen verdrag tussen mense werklik vergelykbaar met die ewige verbond tussen God en Abraham nie – jy hoef maar net aan te blaai tot by Gen 26 om te sien hoe daar weer spanning is tussen Isak en Abimeleg. Vir die verdrag tussen Abraham en Abimeleg om geldig te wees, vra Abimeleg dat Abraham by God moet sweer. Abimeleg het ten minste dit verstaan dat Abraham die verdrag ernstig sal opneem as hy die eed voor God afgelê het.

Lees Gen 21:24. Abraham het die eed gesweer.

Lees Gen 21:25-26. Abraham gebruik die geleentheid om ‘n ander saak aan te roer. Abraham sê vir Abimeleg dat daar ‘n put was wat sy dienaars gegrawe het, maar Abimeleg se dienaars het nou op die put beslag gelê. Natuurlik is Abraham se doel dat Abimeleg moet instem dat dit nie sy put is nie, maar Abraham s’n. Abimeleg pleit egter onkunde. Nie net weet hy nie wie van sy dienaars so-iets sou doen nie, maar boonop is dit nou die eerste keer dat hy hoor van hierdie geskil tussen sy en Abraham se dienaars. Waltke sê ons weet nie werklik wat die situasie was nie: Dit kon eenvoudig waar wees dat Abimeleg niks hiervan geweet het nie. Maar dit kon ook waar wees dat Abimeleg maar net voorgegee het dat hy nie hiervan geweet het nie, en dat sy oënskynlike onkunde bloot ‘n strategie kon wees in sy onderhandeling met Abraham oor die saak. Dit sou ook selfs moontlik kon wees dat Abimeleg juis na Abraham gekom het met die doel om die verdrag van vertroue te sluit omdat hy bewus was van hierdie geskil. Hoe dit ook al sy, die punt is dat Abraham die geleentheid van Abimeleg se besoek en sy voorstel van ‘n verdrag tussen hulle, gebruik het om ‘n verdere verdrag te onderhandel.

Lees Gen 21:27-30. Ons lees dat Abraham kleinvee en beeste geneem het, en dit vir Abimeleg gegee het – dit was deel van die formalisering van die verdrag wat Abimeleg met Abraham wou sluit, en waartoe Abraham ingestem het. Maar, bo en behalwe hierdie diere wat Abraham vir Abimeleg

gegee het, het hy ook nog sewe ooilammers uit die kleinvee geneem, en hulle eenkant gehou. Abimeleg het dit opgemerk, en hy vra toe vir Abraham wat beteken die sewe ooilammers wat Abraham eenkant hou. Abraham verduidelik aan Abimeleg dat hy die sewe ooilammers ook vir Abimeleg wil gee, maar as Abimeleg hierdie sewe ooilammers aanvaar, dan erken Abimeleg daarmee dat die put waaroor die stryery gaan, inderdaad deur Abraham gegrawe is. Abraham se doel is dus dat die geskil sodoende opgelos moet word. Ja, dit kos Abraham sewe ooilammers, maar ten minste het hy dan sekerheid dat die put syne is, en die stryery kan ophou. Abimeleg het dit so aanvaar.

Lees Gen 21:31. Die plek waar al hierdie gebeure plaasgevind het, het toe die naam Berseba gekry. Die naam "Berseba" kan een van twee betekenisse hê: dit kan of verwys na "put van eed" – en dan verwys dit na die wedersydse eed wat Abraham en Abimeleg daar afgelê het; of dit kan verwys na "put van sewe" – en dan verwys dit na die sewe ooilammers wat Abimeleg aanvaar het as erkenning dat die put deur Abraham gegrawe is. Ons weet natuurlik dat Berseba op die suidelike punt van wat later die beloofde land sou word, gelê het – op die rand van die Negev woestyn.

Lees Gen 21:32-34. Ons lees nadat die verdrag gesluit is, het Abimeleg en Pigol teruggekeer na die land van die Filistyne. Abraham het egter by Berseba 'n tamariskboom geplant. Hierdie boom moes as 'n herinneringsteken dien van hierdie ooreenkoms tussen Abraham en Abimeleg. Maar ons lees ook dat Abraham daar die Naam van die Here, die ewige God, aangeroep het. Ek glo ons moet raaksien dat Abraham besef het wat daar gebeur het was meer as net 'n verdrag tussen hom en Abimeleg. Abraham het verstaan dat die Here dit alles bewerk het. Abraham het juis raakgesien dat die Here <u>as die ewige God</u> is wat hierby betrokke was. Abraham het in hierdie gebeure iets raakgesien wat hom herinner het dat God die ewige God is wat stelselmatig besig is om Sy ewigheidsplan uit te voer. Kom ons kyk of ons dit ook kan raaksien.

<u>'n Geheelbeeld van Gen 20-21</u>

Soos wat ons gesien het, speel die gebeure in Gen 20 en 21 af in Gerar, in die land van die Filistyne aan die suidelike punt van die beloofde land. Soos wat ons deur die hoofstukke gewerk het, het ons geleer van drie insidente wat daar plaasgevind het:

- In Gen 20:1-18 het ons geleer van Abimeleg wat Sara in onkunde as vrou geneem het, nadat Abraham oneerlik was en gesê het sy was sy suster. Daardie insident het byna tot gevolg gehad dat die belofte van die Here van 'n seun vir Abraham en Sara oor 'n jaar, in gedrang gekom het. Maar die Here het ingegryp: Die Here het beide Abimeleg en Abraham gekonfronteer. Die gevolg was dat die verbond van die Here staande gebly het, en dat al die beloftes onveranderd gebly het. Trouens, dit het selfs die gevolg gehad dat Abraham in daardie gebied kon bly woon, en vir Abimeleg tot seën kon wees.
- In Gen 21:1-21 het ons geleer van die geboorte van Isak – hy word vir Abraham en Sara gebore – soos wat die Here beloof het op die bestemde tyd wat die Here beloof het. Boonop is Abraham getrou aan die opdragte van die Here: hy noem die seun Isak, hy besny hom op die agste dag, en hy stuur vir Hagar en Ismael weg. Hier is vordering in die vervulling in die verbondsbeloftes van die Here – ja, dit is gering – maar daar is vordering.
- In Gen 21:22-34 het ons sopas geleer van Abimeleg en sy leërbevelvoerder wat na Abraham gekom het om met hom 'n verdrag te sluit – die Filistynse koning kom om met Abraham 'n verdrag te sluit en dring aan Abraham moet voor die Here sweer – want Abimeleg het opgelet dat God met Abraham is in alles wat hy doen. Abraham gebruik ook die geleentheid om die stryery oor sy put water aan te spreek. En die gevolg is: Abimeleg erken dit is Abraham se put!

Sien jy wat hier gebeur? Dit het gelyk na ‘n krisis: Abraham in die land van die Filistyne. Die Filistynse koning neem sy vrou. Wat nou van die beloofde land? Wat van die beloofde nageslag en die seun oor ‘n jaar? En tog word Isak op die bestemde tyd gebore – ja, dis nie ‘n nageslag so groot soos die sterre aan die hemel nie – maar dit is ‘n begin. En dis nie al nie – Abraham het boonop ook sy eie put – ja, dis nie die beloofde land nie – maar dit is ‘n begin. En by dit alles kon Abraham tot seën wees vir Abimeleg – wat ten minste gekonfronteer en gefassineer was deur die werk van die Here in Abraham se lewe. En die gevolg is: Abraham roep die Naam van die Here aan – juis die Naam van die Ewige God, want dit is duidelik die ewige God is besig om te vorder met die vervulling van Sy ewige plan.

Kan ek drie aspekte uitwys wat vir my treffend is as ek oor hierdie gebeure dink:

- Niks bedreig die vervulling van die beloftes van die Here nie. Niks bedreig die Here in die uitvoering van Sy ewigheidsplan met die ganse skepping nie: Nie die seksuele begeertes van ‘n ongelowige Filistynse koning wat net nog ‘n vrou wil neem nie. Nie die leuens van selfs gelowiges wat in sonde en kleingeloof val, soos Abraham nie. Nie die stryd tussen Abimeleg en Abraham se dienaars oor ‘n put water nie. Nie net bedreig dit nie die Here se plan en beloftes nie, Hy gebruik dit selfs om by te dra daartoe dat Sy beloftes in vervulling gaan.
- Bo en behalwe Abraham wat die hand van die Here as die ewige God in al hierdie gebeure raakgesien het, was dit ook sigbaar vir Abimeleg. Hy kon dit nie miskyk nie: Die Here het met hom gepraat toe hy Sara geneem het, hy het gesien hoe die Here Abraham se gebed vir hom verhoor het, hy het gesien hoe Isak gebore word, hy het gesien hoe die Here Abraham seën – en dit fassineer hom. Dit fassineer hom so dat hy en sy leërbevelvoerder na Abraham gaan en vra vir ‘n soortgelyke verdrag as wat Abraham met God gehad het.
- Abraham was deel van al hierdie werk van die Here, ten spyte van die feit dat hy nie volmaak was nie. Al het hy gewankel, al het hy gelieg oor Sara, is hy ‘n aktiewe deelnemer aan die realisering van die plan van die Here. Maar let op: hy neem deel, hy is wakker, hy sien geleenthede raak wanneer hulle hulle voordoen, en hy gryp dit aan. Hy konfronteer Abimeleg oor die put – en die gevolg is hy besit ‘n put – ‘n klein treetjie vorentoe na die volle vervulling van Gods se beloftes – maar hy gryp die geleentheid aan selfs al is dit maar net ‘n klein treetjie vorentoe.

<u>Toepassings</u>

Ek wil graag ‘n paar implikasies en toepassings maak uit hierdie gebeure:

- Alhoewel Abraham nie sonder foute was nie, het Abraham verstaan wat die Here se beloftes aan hom was. Hy het verstaan dat die Here hom seën, en dat die Here deur hom ‘n groot nageslag gaan bou wat in die beloofde land gaan woon, en dat hy tot seën sal wees vir alle nasies. Ja, ons het uit ons bestudering van die geskiedenis met Abraham geleer dat dit ten diepste oor baie meer gegaan het as ‘n fisiese nageslag en ‘n fisiese land. Maar dit het alles oor jare van openbaringsgeskiedenis ontwikkel. En dit was nie vir Abraham rede om die klein treetjies te minag nie. Isak en ‘n put was ‘n begin. Die vraag aan my en jou is: Verstaan ons wat die doel van die Here met ons is? Ja, die beloftes van die Here aan Abraham is steeds in plek – en soos ons laasweek weereens gesien het handel dit oor groot sake soos die volle ware nageslag van Abraham in die nuwe verbond op pad na die hemelse Jerusalem. Verstaan jy dit? Maak dit jou opgewonde? Maar verstaan jy ook wat die Here van jou verwag om by daardie groot finale uitkoms uit te kom? Weet jy wat die klein treetjies is wat jy nou moet gee om by daardie groot einddoel uit te kom? Weet jy wie is die ekwivalent van Isak vir jou? Weet jy wat is die ekwivalent van daardie put vir jou waarvoor jy jou moet inspan?

- Abraham het Abimeleg gefassineer. Eintlik moet ons sê: Die werk van die Here in Abraham het Abimeleg gefassineer – soveel so hy wou ook in ‘n verdrag met Abraham staan. Is daar iemand in jou lewe wat hierdie rol van Abraham vervul? Iemand wat die Here gebruik in die stelselmatige uitwerk van Sy beloftes en plan? Iemand wat jou fassineer omdat die Here juis daardie persoon gebruik? Dit is tog net so dat die Here nie almal op dieselfde manier gebruik nie. Daar is sekere persone wat groter verantwoordelikhede het in die Here se plan. Is jou oë oop om sulke persone raak te sien, en nog meer belangrik, is jou oë oop om die Here aan die werk te sien in daardie persone? Dit kan natuurlik persone in die Bybel wees – miskien Paulus, of Dawid, of selfs Abraham. Dit kan persone in die kerkgeskiedenis wees – miskien die hervormers. Dit kan predikers wees wat die vermoë het om die Woord van die Here entoesiasties, eerlik en effektief te verkondig – sonder om self op die voorgrond te wees. Dit kan ‘n medegelowige wees wat miskien in nederigheid getrou die Here dien t.s.v. moeilike omstandighede – en wat juis daarom inspirerend is. Die vraag is: is jou oë oop om die werk van die Here deur sulke mense raak te sien?
- Abraham het die besoek van Abimeleg aangegryp om die kwessie van die put op te klaar. Tree jy op soos Abraham? Is jou oë oop om geleenthede raak te sien wat kan bydra tot die vervulling van die beloftes van die Here – selfs al is dit net maar ‘n put? Is jy wakker om sulke geleenthede raak te sien, en om hulle te benut? Ek wil maar op een aspek fokus: Ek glo ons is almal bewus dat die regsinnige kerk in die westerse wêreld aan die kwyn is – en dit is in Suid Afrika nie anders nie. Lidmaatgetalle krimp, en gemeentes loop selfs dood. Dit is egter tragies om te sien hoe traag die kerk dikwels is om daadwerklik op te tree. Ek lees nou die dag van ‘n gemeente wat al ernstige daling in getalle beleef het, en tog skryf hulle hulle is bewus dat hulle meer moet uitreik na die gemeenskap, maar tot dusver het die Here nie aan hulle die middele gegee om dit te kan doen nie. Werklik nie? Moet die Here eers geld gee voor ons na die gemeenskap kan uitreik? Is ons wakker om die geleenthede raak te sien, of wag ons rustig tot die Here geld stuur, of ander mense stuur – dan sal ons begin kyk vir geleenthede? Onlangs was ek teenwoordig waar ‘n gemeente wat wel uitgereik het, die heerlike punt bereik het dat ‘n selfstandige gemeente kon afstig. Een van die besoekende predikante wat by die geleentheid teenwoordig was, sê dit is die eerste keer in sy meer as dertig jaar in die bediening dat hy so ‘n geleentheid bywoon. Ek kan maar nie anders as om te wonder nie: hoeveel putgeleenthede is al misgekyk?
- Is daar dalk ‘n Abimeleg in jou lewe? Is daar dalk iewers in die kringe waarin jy beweeg iemand wat soekend is? Dalk iemand wat gefassineer is oor die werk van die Here? Dalk juis gefassineer is oor die werk van die Here in jou lewe? Natuurlik beteken dit jou lewe sal moet getuig dat jy in diens van die Here is voordat dit ander sal fassineer. Natuurlik beteken dit jy sal moet praat oor die dinge wat jy glo en waarvan jy oortuig is. Maar is jou oë oop om die Abimelegs raak te sien? Dit kan op vreemde plekke wees – onthou Abimeleg was ‘n Filistyn. Dit kan iemand belangrik wees – onthou Abimeleg was ‘n koning. Dit kan by die werk wees – waar jou gesindheid, jou hardwerkendheid boekdele kan spreek. Dit kan selfs jou baas wees – of selfs nog hoër op in die organisasie. Dit is verstommend hoeveel kollegas van jou leer bloot deur met jou om te gaan by die werk, soos Abraham wat maar net in Gerar gebly het. Die vraag is: is jou oë oop vir sulke mense, is jy wakker as hulle gefassineer word, gryp jy die geleentheid aan wanneer hulle gefassineerd jou begin uitvra?
- En as daar nie ‘n Abimeleg in jou lewe is nie: Het jy al geworstel daaroor? Of is jy doodeenvoudig tevrede om maar net terug te sit – die Here sal mos sorg! Miskien is jou verweer jy het nie die vermoëns nie, of nie die gawes nie, of nie die kennis nie, of dalk voel jy jy is nog so swak in die geloof, of dalk jy is ‘n te groot sondaar om diensbaar te wees in die lewe van ‘n Abimeleg. Onthou die begin van die verhouding tussen Abraham en Abimeleg:

> Abraham het gelieg oor Sara. Abimeleg het vir Abraham gekonfronteer. En tog het Abraham die een geword wat die Here gebruik het om Abimeleg te fassineer. Die Here gebruik nie perfekte mense in die uitwerk van Sy plan nie. Nee, Hy gebruik sondaars – maar Hy gebruik sondaars wat wakker en gretig is om betrokke te wees, wat wakker en gretig is om vordering in die uitvoering van die Here se plan te sien, wat wakker en gretig is om die volle vervulling van die Here se beloftes te sien, wat wakker en gretig is om te leer uit hulle foute, wat wakker en gretig is om die Naam van die Here die ewige God aan te roep.

Mag die Here ons elkeen lei om 'n beskeie bydrae te maak tot die volledige vervulling van Sy beloftes aan Abraham en aan ons. Mag Hy ons help sodat Sy werk in ons ander sal fassineer, en mag ons dan tot seën wees vir hulle. Mag ons die lig vir die wêreld wees, wat voor die wêreld skyn, sodat hulle ons goeie werke kan sien en ons Vader wat in die hemele is, kan verheerlik (Mat 5:16)